Dissipelskap: Deel 6

'n Dissipel is warmhartig en barmhartig (Barnabas)

Die lewe is vandag om die minste daarvan te sê, kompleks en uitdagend. Daar is gereeld groot vreugdes en feesvieringe, maar ook groot hartseer en terugslae. Ons leef maar ook in ‘n sekere sin in ‘n brandarm wêreld. Mense is selfsugtig, afbrekend en selfgerig. Ons sien ondankbaarheid en ontevredenheid om elke hoek en draai.

 # Hoe sou jy hierdie lys nog kon aanvul vanuit jou ervaringe?

Tog moet ons vir mekaar sê dat daar ‘n positiewe kant van alles in die lewe is. Mense wie se lewens deur die Here aangeraak is, is anders. Hulle harte en gesindheid verander. Die oë waarmee hulle na die samelewing kyk is anders. Hulle is diegene wat van die wêreld ‘n beter plek wil maak. Hulle is die wat die genade en barmhartigheid van die Here soos ‘n aangename geur wil versprei. Hulle is die mense wat opbouend, dienend, bemoedigend, tevrede ens. is.

 # Hoe sou jy hierdie lys kon aanvul?

In Handelinge 4 lees ons van ‘n man met die naam Josef, wat se naam verander word na Barnabas. Hy was ‘n baie besondere man, ‘n baie besondere dissipel.

 # Lees Hand. 4:32-37 en let veral op na vers 36?

Sien jy hoe die vroeë gelowiges vir mekaar gesorg het en dan word Barnabas uitgelig as ‘n man wat ‘n besondere gawe gehad het. Sy optrede en vrygewige leefwyse het veroorsaak dat hy ‘n nuwe naam kry, naamlik Barnabas, iemand wat mense moed inpraat.

 # Wat kan ons as gelowiges vandag leer by die Handelinge 4 gemeente?

 # Watter impak kan dit op ons onderskeie gemeentes en gemeenskappe hê?

In Handelinge 9:26-28 (lees dit) lees ons weer van Barnabas en sy warmhartige en barmhartige hart. Nadat Paulus tot bekering gekom het wou niemand hom werklik deel maak van die Christelike geloofsgemeenskap nie, omdat hulle steeds bang was vir hom. Dit was Barnabas wat dan uiteindelik tot Paulus se redding kom en hom intrek in die geloofsgemeenskap.

Lees Hand. 11:20-24. Sien jy raak vanuit die gedeelte hoe Barnabas ‘n wonderlike reputasie gehad het om mense te help? Hy het werklik verstaan dat dissipelskap gaan oor gehoorsaamheid - dit gaan daaroor om Jesus se hande en voete te wees in die lewe van ongelowiges en jong gelowiges. Dis hoekom hy na Antiogië gestuur is. Daar was nuwe gelowiges wat motivering nodig gehad het. Vers 23 beskryf dit baie mooi.

 # Wat kan jy doen om die voorbeeld van Barnabas te volg?

In Hand. 13:1-2 word die naam Barnabas eerste genoem as leier en eerste leraar. Tog lees ons weer in Hand. 14:1 dat Paulus se naam eerste genoem word. Ons afleiding is dat Barnabas soveel in Paulus se lewe geïnvesteer het dat Paulus geweldig geestelik gegroei het. Barnabas het dus die kuns bemeester van dissipel wees en dissipel maak. Dit het nie net oor homself gegaan nie.

 # Tot watter mate het jy al die kuns bemeester van dissipel wees en dissipel maak?

 # Wat dink jy is nodig om ‘n dissipelmaker te wees?

In Hand 13:13 lees ons dat Markus vir Paulus en sy reisgenote in die steek laat tydens ‘n sendingreis en terugkeer Jerusalem toe. Later in Hand. 15:37-39 lees on hoe kwaad Paulus eintlik is. Hy weier om Markus op die tweede sendingreis saam te neem. Barnabas verskil egter van Paulus oor die saak. Hulle verskil tot so mate dat hulle paaie skei. In die situasie het Barnabas sy naam egter geleef (iemand wat mense moed inpraat). Hy wou gehad het dat Paulus genade betoon aan Markus. Omdat Paulus self ‘n tweede kans op die lewe ontvang het wou hy dat Paulus dit ook uitdeel aan Markus.

Ons sien hier dat Barnabas ‘n besondere mens was. Hy het genade en warmhartigheid asook barmhartigheid uitgeleef. Nie net daarin geglo nie, maar dit geleef. Die wêreld het meer sulke dissipels nodig. Mense wat anders kyk na diegene rondom hulle. Die wêreld skreeu na manne en vroue, na dissipels, wat nie vergeet het dat hulle slegs deur en uit genade gered is nie.

 # Wil jy nie ook toelaat dat God jou naam verander nie. Hy begeer om jou ook Barnabas te noem.